

ons tuisbly kalender

Dag 1 - 27 Maart

Teken 'n reënboog en vertoon dit in julle huis se venster of op die hek (waar dit sigbaar is vanaf die straat). Die reënboog is 'n teken van hoop en God se getrouheid.

Genesis 9:12-17

Dag 2 - 28 Maart

Besluit saam op 'n Bybelvers vir julle gesin - veral vir hierdie tyd. Dink bewegings uit wat by die woorde gaan en leer dit saam. Julle kan ook jul eie rympie - soos die Genoeg en Genade rympie - uitdink.

Dag 3 - 29 Maart

Doen saam Huisgeloof vanoggend. Sing 'n paar liedjies saam en gee vir elkeen geleentheid om te bid.

Dag 4 - 30 Maart

Sorteer al julle speelgoed uit. Besluit wat julle nie meer nodig het nie. Gooi die stukkende speelgoed weg en pak die bruikbares in 'n boks om weg te gee wanneer julle weer die kans kry.

Dag 5 - 31 Maart

Gee vir elkeen kans om te antwoord op die vraag: Ek wonder wat vir jou die moeilikste of slegste deel is van hierdie inperking. Almal mag eerlik wees. Bid saam daaroor.

Dag 6 - 1 April

Bid terwyl julle hande was:
Duim: Alle mediese personeel
Wys: Polisie, veiligheidsdienste ens
Middel: Die regering; President
Ring: Mense wat reeds die virus opgedoen het
Pinkie: Ons gesin
Palm: Hoe kan ons diensbaar wees?

Dag 7 - 2 April

Gee vir elkeen kans om te antwoord op die vraag: Ek wonder wat vir jou die lekkerste deel van hierdie inperking is. Almal moet een iets sê. Vier dit saam deur koeldrank in deftige glase te gooi en te drink!

Dag 8 - 3 April

Bel 'n persoon wat julle as gesin ken wat ouer as 70 is. Dit kan jul eie ouma of oupa wees of iemand anders. Maak seker julle weet wat hulle behoeftes in die volgende paar weke gaan wees. Besluit saam hoe julle kan help.

Dag 9 - 4 April

Hou 'n Bybel-vasvra. Kies 2 stories om te lees en laat elkeen in die huis 2 vrae daaroor uitdink. Skryf dit op individuele papiertjies. Gee elkeen kans om 'n vraag te trek en die antwoord te probeer gee. Julle mag help en jy mag ook jou eie vraag beantwoord as jy dit getrek het.

Dag 10 - 5 April

Doen saam Huisgeloof vanoggend. Sing 'n paar liedjies saam en gee vir elkeen geleentheid om te bid.

Dag 11 - 6 April

Sit 'n paar oomblikke stil en noem alles wat julle buite (of binne) die huis kan hoor.



ons tuisbly kalender

Dag 12 - 7 April

Gaan sit saam iewers en maak 'n lys van dit waarvoor julle dankbaar is. Laat elkeen vir die volgende 9 dae elke dag een ding bysit. Sit dit iewers waar almal dit kan sien. Julle kan ook 'n potjie gebruik en dit daarin gooi of dit met post-its iewers opplak

Dag 13 - 8 April

Bou 'n legkaart saam. Gesels oor hoe belangrik elke individuele stukkie is om die volle prent bymekaar te bring. Net so is elkeen se rol in ons gesin belangrik en in ons land. Elkeen moet hul deel doen!

Dag 14 - 9 April

Hou saam nagmaal met sap en broodjies. Laat die kind(ers) in die gesin die tekens uitdeel. Gesels oor die betekenis daarvan. (Onthou om vrae te begin met *Ek wonder...*)

Goeie Vrydag

Dag 15 - 10 April

Besluit saam op (net) 5 minute in die dag wat julle elkeen op 'n plekkie in die huis alleen gaan wees - elkeen kan self besluit wat hy of sy in daai tyd gaan doen. Afsondering (solitude) is 'n baie goeie geestelike gewoonte. Vir klein kindertjies mag dit selfs meer van 'n speletjie wees.

Stil Saterdag

Dag 16 - 11 April

Vertel van 'n keer wat jy 'n mooi Sonsopkoms gesien het of soek 'n foto/prentjie daarvan (miskien is julle bevoorreg genoeg om 'n klein deeltjie vanuit julle erf te sien). Vertel mekaar wat dit vir julle beteken dat Jesus uit die dood opgestaan het.

Opstanding Sondag

Dag 17 - 12 April

Doen strekoefeninge saam. Let heeltyd op watter dele van jou liggaam moet werk sodat jy die beweging kan doen. Sê met elke beweging vir God dankie vir jou lyf en jou vermoëns en dat God jou met soveel liefde gevorm het. Lees Psalm 139

Dag 18 - 13 April

Maak 'n donasie (elk uit eie sakgeld) aan 'n organisasie wat in hierdie tyd mense in nood bystaan bv: Ysterplaat Gemeenskapskerk, Solidarity Fund of iets anders. Julle kan saam op ENIGE organisasie besluit.

Dag 19 - 14 April

Herinner julleself dat jul gedoop is terwyl julle 'n wateraktiwiteit doen (bad/swem/ handewas/hardloop deur die spreier/WATERverf...) "Ek wonder wat die water in dié aktiwiteit vir ons sê oor die doop."

Dag 20 - 15 April

Besluit saam wat julle vanaand vir aandete wil eet. Besluit op 'n resep waarmee almal kan help en maak saam kos.

Dag 21 - 16 April

Kies 'n inkleurprent (uit boek of druk dit uit) en kleur dit almal saam in. Werk as huishouding saam om dit klaar te maak. Maak 'n punt daarvan om te verduidelik dat julle dit net gaan klaarmaak as julle dit saam kan inkleur



Die einde

